# *GETUIENIS*

Daar’s iets aan hierdie soort aanbidding wat net skynbaar anders is. Net die eenvoud om jou siel net te laat geseën word deur die Teenwoordigheid van die Here, vir my, is dit regte Christenskap in aksie.

2 Elke oggend by die Angelus Tempel, om tienuur, dink ek is dit, praat Broer du Plessis. Is dit reg, Broer du Plessis? Hy’s een van die paar mans wat ek ooit ontmoet het wat regtig my bediening verstaan het. En as julle sal kom, is ek seker julle siele sal geseën word deur na Broer du Plessis te luister.

3 Ek het so pas die voorreg gehad om sy vrou te ontmoet vir die eerste keer in my lewe. So . . . Sy’s net ’n tipiese Afrikaanse vrou. Sy het gesê sy is van Texas. Het julle my almal lief in Kalifornië? Julle weet, Texas is die tweede, tweede grootste, staat in die Unie, nou? Alaska is eerste, julle weet. O, goeiste! Dit laat Texas dink, nie waar nie? Wel, my moeder is van Texas, en ek het, self, ’n paar dinge om oor Texas te spog. En baie groot siele het uit Texas gekom. Ek is seker hulle sal goed verteenwoordig wees in die Hemel wanneer ons daar kom, groot herlewings, ensovoorts.

4 Nou, vandag, en in hierdie gelaaide kamer met die Gees van God, kon ek net verwag dat enigiets sou gebeur. Dis wanneer die mense eendragtig vergader is, dis wanneer dinge plaasvind.

5 Bly om vanmôre, my vriend, hieragter, te hê, wat saam met my gejag het, ek kan die helfte van die tyd nie aan sy naam dink nie. [’n Broer sê: “Johnny.”—Red.] Broer Johnny van ’n . . . [“Bert Van Ruiten.”] van Van Ruiten, [“Bert Van Ruiten.”] Bert Van Ruiten. En so, hy . . . Ons het saam gejag bo op die Rivier van Geen Terugkeer, deur die goedhartigheid, wat my betref, van die Christen Sakemanne, ons het beslis baie goeie gemeenskap saam gehad.

6 En nou, dink ek, het ons nie tyd om regtig ’n teks te neem om met julle te praat nie, maar ek wil net graag hierdie getuienissie gee. En om te dink . . . Nou, Broer du Plessis het my gevra om vir die gehoor te sê dat hy nie onbeskof uitloop nie, maar hy het ’n diens net nou waarnatoe hy moet gaan, en so, by die Angelus Tempel, hy praat daar vanmôre. En vanaand, verwag ons nog ’n groot uitstorting van Sy Gees by die tempel. Gisteraand het ons ’n ongewone aand by die tempel gehad.

7 Nou, party van die ou mense van die tempel het daarbuite in die stegie gestaan soos ek verbygegaan het, net gehuil, en gesê: “Dit lyk soos die ou tye.” Een kêrel wat ek Groot Mike noem, ek reken hy mag teenwoordig wees, hy’s soort van ’n plekaanwyser daar, of iets, hy het net sy eie jubelfees gehou.

8 Nou, ek het gisteraand gepraat oor die leiding van die Heilige Gees, hoe God lei. En as ons net in ons gedagtes kan dink dat al hierdie dinge van God af kom.

9 En omtrent 'n week gelede, het ek 'n—'n brief gekry van 'n ongeluk wat omtrent veertien jaar gelede plaasgevind het, en dink, of, wil vra: "Is hierdie genesings geestesgenesings, of is hulle fisiese genesings?"

10 En ek het net gedink ek sou dit vertel vanmôre wat plaasgevind het, wat gebeur het met 'n gekleurde meisie in Jonesboro, Arkansas, omtrent veertien jaar gelede aan die begin van my bediening.

11 Ons het. . .Daar was toe niemand op die veld behalwe ek nie; Broer Roberts en hulle het nog nie ingekom, en Broer Coe, en baie van die groot werkers in die veld vandag nie. En ek was agt dae daar op die platvorm en het nie weggegaan nie, net dag en nag daar gebly. En sou 'n bietjie slaap teen die kant van die preekstoel, en hulle sou vir my 'n bietjie lemoensap bring, en ek was vasbeslote om te bly tot ek vir elkeen gebid het, maar daar was, aan die einde van die agt dae, was daar duisende meer as wat daar aan die begin was.

12 En so, onthou ek iemand wat vir my beduie het met 'n uniform aan, en—en dit was 'n—'n ambulansbestuurder. En hy het gesê: "Ek het 'n pasiënt hierbuite wat sterwend is. Kan jy na haar toe kom?"

13 Net die vorige aand, was daar 'n man wat 'n skoenmaker was bo in 'n ander stad in Arkansas, wat blind was vir omtrent twintig jaar, en toe hy deur die ry gegaan het, het die Heilige Gees hom vertel van sy toestande en gesê hy is genees. Wel, toe hy die gebou verlaat het, kon hy nie meer sien as wat hy het toe hy in die gebou ingekom het nie, maar hy het geweet dat ek hom nie ken nie en daar moes een of ander soort van 'n bonatuurlike Wese wees om dit te sê, want hy het geweet ek het niks van hom af geweet nie, en hy het daardie Persoon aanvaar, nie vir my nie, die Een wat gespreek het.

14 En die storie was, soos hulle dit op die radio gegooi het die volgende oggend en oor die land, dat op sy pad huis toe daardie aand, omtrent twee-uur in die môre, hy begin het om die ligte van die motor voor hom te sien flikker. En die volgende oggend het hy in sy eie kerk ingestorm, die Metodiste kerk, en daar was hulle. . .Hy het soveel versteuring veroorsaak dat hy uitgegooi is. En toe het hy in die straat afgegaan na *een* kerk toe, en toe na die *ander* om te getuig, en dit het 'n oproer veroorsaak.

15 Baie van die mense het van die hospitale af gekom en wou voor gebid word. Soos ons soontoe gegaan het, 'n paar manne wat my gehelp het na die ambulans toe, was daar 'n—'n tipiese Arkansas moeder, wat daar gelê het, sterwend aan kanker. En haar man het gedink dat sy dood was, want sy het so pas in 'n

koma ingegaan, om die waarheid te sê. En sy—sy het stil gelê, en haar man het gekniel agter in die ambulans waar die bestuurder my ingesit het, en hy het gesê: "Broer Branham, sy wou so graag hê dat jy vir haar moet bid." Gesê: "Sy was 'n goeie vrou." Gesê: "Sy het gehelp om daar te ploeg met die ploeg oor hierdie ou kluite hier, en sy het my gemaak wat ek is." En gesê: "Sy's 'n ma van vyf kinders."

16 En hy het gesê: "Ek het my plaas verkoop en ek het haar in die hospitaal gesit, en die laaste ding wat ons verkoop het, was ons—ons span. Die dokters het getrou geveg," het hy gesê: "om haar lewe te red, maar sy is opgegee en huis toe gestuur. En om die ambulans te kry om ons af te bring, het sy haar swartbessies verkoop wat ons twee jaar gelede ingelê het, om die geld te kry om te kom. En nou lê sy stil, sy's dood."

17 En ek het haar hand geneem, en hy het gekniel in sy ou, gelapte hemp, verbleik. En terwyl ek net 'n klein gebedjie gebid het, het ek gedink ek het die plooie op haar voorkop soort van sien frons. Satan het vir my gesê: "Natuurlik, jy weet dis net die reaksie van die spiere, sy's dood." Maar soos ek aanhou bid het, het haar hand myne gedruk soos *daardie*. En Satan het weer gesê: "Dis net die spiere." Maar ek het net aanhou bid.

Binne 'n paar oomblikke, het sy opgestaan en sy het gesê: "Wie is jy?"

En haar ou man, so oorweldig deur die bring van die lewe weer aan sy liefdevolle vrou, hy het sy arms om haar gegooi, begin skree: "Moeder!"

18 Ek het by die deur van die ambulans uitgeglip, en ek het gesê: "Kan jy my terugkry na die platvorm toe?"

En die man het gesê: "Daar's tweeduisend mense tussen hier en die deur." Hy het gesê: "Ek sal jou agter in die parkeerterrein inneem en kyk of ek kan inkom."

19 En net om te wys dat God hulle sal respekteer wat honger en dors na geregtigheid: Toe ons gekom het waar die ry van die gehuurde busse was, het ek 'n geluid gehoor, en ek het gekyk, en dit was 'n jong, gekleurde meisie, mooi aangetrek. En Arkansas het in daardie dae streng segregasie gehad. En sy was blind, en sy het haar pad probeer vind, geroep vir haar pappa. Ek het haar opgelet omdat sy soort van lank was, en sy het gesê: "O, Pappa, waar is jy?" En gevoel met haar hande, en gesê: "Sal iemand my nie help om my pappa te vind nie?"

20 Wel, ek het stilgestaan. Niemand het my geken nie, want ek was net die heeltyd in die tempel, en hulle kon nie naby die plek kom nie. So, ek het net 'n oomblik daar gestaan, en ek het na haar gekyk. En sy het gesê: "Iemand, help my asseblief om my pappa te vind." Niemand het blykbaar enige aandag aan haar gegee nie.

21 En ek het stilgestaan, haar dopgehou; sy het deur die skare beweeg. En ek het gedink aan ou, blinde Anna in die tempel, dat toe sy so lank gebid, en gewag het vir die vertroosting van Israel, en toe hulle ons Here in die tempel ingebring het om vir Hom te doen volgens die gebruik van die wet, die Heilige Gees haar deur daardie skare gelei het, met haar wat blind was, tot waar Hy was. En ek het stilgestaan, en die jong vrou het naderbeweeg, en uiteindelik het sy reg in my vasgesteier. Sy het gesê: "Verskoon my." En sy het weer begin gaan.

En ek het gesê: "Na wie soek jy, jong dame?"

22 Sy het gesê: "Meneer, ek soek na my pappa." Sy het gesê: "Ek het . . . Ons het hiernatoe gekom van Memphis af om die geneser te sien." En gesê: "My pappa het 'n manier probeer vind vir my om in te kom, en hy het vir my gesê om stil te staan, maar hulle het my uit die plek uitgestoot, en ek het verloor waar ek gestaan het, en ek's blind, en ek kan nie my pad terugvind nie. Sou jy so gaaf wees," het sy gesê: "om my te help na die bus toe waar my pappa my kan kry?"

23 Nou, hierdie lyk na 'n skynheilige te wees, maar ek het gesê: "Wat het jy gesê het jy hiernatoe gekom om te sien?"

24 Sy het gesê: "Ek het gekom om die geneser te sien." Sy het gesê: "Jy sien, meneer, ek is al jare lank blind." En sy het gesê: "Ek het vanmôre op die radio gehoor van 'n man wat sy sig gekry het." En gesê: "Pappa het die geld gereed gekry, en ons het op die gehuurde bus geklim, en ek het gekom om hom te sien. En nou sê hulle jy kan nie eers naby die gebou kom nie."

Ek het gesê: "Jy glo nie in sulke goed soos daardie nie, glo jy," ek het gesê: "in die dae wat ons sulke goeie dokters het nie?"

Sy het gesê: "Maar jy sien, meneer, hulle kan my glad nie help nie."

En ek het gesê: "Wil jy vir my sê dat jy glo dat die gebed van daardie man iets vir my sal doen, of, vir jou?"

25 En sy het so gesê, ek sal dit nooit vergeet nie, sy het gesê: "Ek sal jou sê wat ek sal doen: As jy my net sal help na waar daardie man is, dan sal ek my pappa vind." Wat 'n teregwysing vir my!

26 Ek het gedink aan blinde Fanny Crosby. Sy het gehoor van hierdie ander man wat genees is, die ander blinde persoon, en ek het gedink aan Fanny Crosby toe sy geskryf het:

> Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
> Hoor my nederige roep;
> Wyl U ander roep,
> Gaan my nie verby.
>
> U die Stroom van al my troos,
> Meer as lewe vir my,
> Wie het ek op aarde behalwe U?
> Of wie in die Hemel as U?

27 Terwyl God genees in Angelus Tempel, kan Hy genees in hierdie bo-vertrek. Hy's die God Wat daardie man in daardie rolstoel genees het gisteraand, afgehaal met kanker van die bed af om te juig toe hy nie eens kon beweeg nie, die Een Wat klein Ricky genees het, die Een Wat die boodskap al die pad oor die see gestuur het en met daardie vrou gepraat het wat sterwend was met diabetes, en hier sit haar suster hier vanmôre, teruggeskakel, Hy's nou dieselfde God.

28 En ek het na haar gekyk, en ek het vir haar gesê: "Ek... Miskien is ek die een wat jy veronderstel is om te sien." Sien hoe God dinge net presies reg inskakel. Waarom is ek agtertoe geneem? Sy het my aan die lapelle van my baadjie gegryp soos *daardie*, en sy het gesê: "Is jy die geneser?"

En ek het gesê: "Nee, suster, ek's nie, ek's net jou broer."

Sy het gesê: "Ek wil die geneser sien."

En ek het gesê: "Ek hoop dat jy Hom eendag sal sien, en ek glo jy sal."

Sy het gesê: "Wat is jou naam?"

En ek het gesê: "Broer Branham."

Sy het gesê: "Jy's die een wat ek wil sien."

29 En ek het gesê: "Nou, niemand ken my nie, ek sal vir jou bid, maar moenie dat dit bekend word nie. Neem jou hand..." En ek kon nie haar hande van my lapel afkry nie, sy het vasgehou vir lewe en dood. En ek het vir haar gesê: "Ek kan bid as jy sal glo."

Sy het gesê: "Dis al wat ek jou vra om te doen."

30 En ons het ons hoofde gebuig, en terwyl ons gebid het, het ek 'n uitroep gehoor. En sy het uitgehardloop in die parkeerterrein, mense eenkant toe en anderkant toe gegooi, en sy het op die grond geval, geskree: "Ek, wat eers blind was, kan nou sien!"

31 'n Paar weke gelede, het ek 'n brief van haar gekry. O, haar oë is 20/20, sy hoef nie eers 'n bril te dra of niks nie. Dis onuitspreeklike genade van God wat hierdie dinge doen. Dis iets wat Jesus Christus vir Sy Kerk gegee het om die voorregte van goeie gesondheid te geniet. Ek onthou daardie aand.

32 Soos ons afsluit, mag ek dit sê: Toe die Here my die bediening gegee het om vir Sy kinders te gaan bid, soos julle almal weet, is ek grootgemaak in 'n arm huis, en dis waarom ek ongeleerd is, en kan nie praat, ensovoorts nie, maar, ek het die Here gevra, ek wil nie groot wees nie, ek wil nie gewild wees nie, ek wil net eerlik wees, dis al wat ek begeer, dat julle kan weet dat ek die waarheid vertel, want ek verteenwoordig *Hom*.

33 En toe ek op die veld begin bid het vir die siekes, het ek—ek nie 'n pak gehad om aan te trek nie. En ek het nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie. En my broer, 'n sondaarseun op daardie tyd, was in 'n motorongeluk en dit het sy klere stukkend

geskeur, en hy het vir my daardie ou pak gegee. En die broek was baie erg geskeur, en my vrou het afgegaan na die tien-sent-winkel en 'n paar van daardie lappe gekry wat jy met die yster opstryk, julle weet, en sy het die broek nogal goed reggemaak. En die sak was afgeskeur, en ek het vir my 'n naald en garing gekry, en soort van die sak vasgewerk, julle weet, dit gelap, dit toegewerk, en ek is nie baie goed met 'n naald nie.

34 En ek onthou, wanneer hulle my sou voorstel aan predikers soos wat ons hier het vanmôre, was ek soort van skaam vir die baadjie, dit was aan die regterkant, en dis, ek moes my regterhand uitsteek, so ek het my hand gehou, mou, onder oor daardie geskeurde sak, en my linkerhand uitsteek om hand te skud met die predikers, en sê: "Verskoon my linkerhand, maar dis nader aan my hart." Maar die ding was dat ek skaam was vir daardie ou, geskeurde sak.

35 Maar toe daardie mense daardie jong, Ethiopiese meisie met haar sig gesien het, het daar 'n ou man daar gestaan met 'n kierie en verdraaide voet, hy het gesê: "Ek weet wie jy is, Broer Branham. Ek het drie dae hier gestaan in hierdie reën. As jy net vir God sal vra, sal God my voet genees." Wat kan gedoen word op daardie tyd?

Ek het vir hom gesê: "My broer, as jy glo dat Jesus gesterf en weer die derde dag opgestaan het om al hierdie dinge moontlik te maak, gee vir my jou kierie."

36 En toe hy die kierie gegee het, hy het nie net 'n grap gemaak nie, hy het dit bedoel. En ek het met my eie twee oë daardie verdraaide horrelvoet sien reguit kom, en hy het in die lug opgespring en begin skree.

37 Vier mans het my omsingel, maar mense, moeders met hulle babatjies wat naby genoeg probeer kom, net om daardie ou, verslete baadjie aan te raak, en God het hulle genees. Dit was nie die verslete baadjie nie, en Dit was ook nie die een wat dit gedra het nie, Dit was die Here Jesus wat hier is vanmôre, hulle geloof geëer het. Hy lei ons op geheimsinnige maniere omdat Hy ons liefhet. Hy maak dit so eenvoudig dat dit oor die kop van die wyses en verstandiges gaan, soos Hy gesê het dit sou, en sal Homself openbaar aan kindertjies wat wil leer.

38 Ek's sensitief genoeg vir die Heilige Gees om nou te weet dat daar baie mense is wat net hier in hierdie gebou ly. En waarom handel ons dit nie nou net af en aanvaar wat Jesus vir julle almal gedoen het nie? Dieselfde God wat daarbuite was daardie aand, is dieselfde God wat net nou hier is, en jy het dieselfde behoeftes wat hulle gehad het, en Hy is geen aannemer van die persoon nie. Die Skrifte is waar. Hierdie dinge word gedoen sodat dit kan bevestig dat ons in die laaste dae lewe, in die skadu van die Koms van die Here.

39 Soos een spreker so pas ’n rukkie gelede gesê het, en ingeroep is na die president, na die kabinet toe, ensovoorts, om die vraag te vra: “Wat kan gedoen word?”

40 Daar’s niks wat gedoen kan word nie, maak net gereed om die Here te ontmoet. Ons het ons dag van genade weggesondig, en daar’s net een ding oor, en dis die Koms van die Here. En hierdie tekens en wonders wat julle sien plaasvind, is . . .

59-0411B Getuienis
Clifton Se Kafeteria
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org